HOËRSKOOL RANDBURG

Algemene Oueromsendbrief nr. 03 van 2024

6 Februarie 2024

Geagte ouers/voogde

Dertig dae kennisgewing van die datum van die verkiesing van die Beheerliggaam van Hoërskool Randburg vir die ampstermyn 2024 tot 2026.

1. Datum van verkiesing:

- Die verkiesing vind op **Maandag, 4 Maart 2024** vanaf 07:30 die oggend tot en met 16:00 die middag plaas. Die verkiesing sal in die vorm van 'n ***voldag- en aanlynverkiesing*** plaasvind.
- D6 bied 'n goedgekeurde verkiesingsplatform en ons sal van hierdie aanlynfasiliteit gebruik maak. Ouers kan ook deur die loop van die dag by die skool aanmeld waar u toegang en ondersteuning tot hierdie D6-platform sal kan bekom.
- Ouers/voogde stem vir ouer-lede van die Beheerliggaam (9 ouers).

2. Samestelling van die Beheerliggaam:

Die Beheerliggaam van Hoërskool Randburg word as volg volgens voorskrifte saamgestel:

- **9 ouerlede wat wettige ouers/voogde van huidige leerders in die skool is.**
- **3 onderwyserlede in diens van Hoërskool Randburg.**
- **1 nie-onderwyser werknemer van die skool.**
- **1 skoolhoof as *ex-officio* lid van die BL.**
- **3 leerderlede.**
- Ekstra lede kan deur die Beheerliggaam gekoöpteer word, soos van tyd tot tyd benodig, maar hierdie lede het geen stemreg nie. 'n Lys van vaardighede deur die skool benodig, is reeds voorheen aan u gekommunikeer.

3. Registrasie van stemgeregtigde ouers/voogde om te mag stem:

- Vir die doel van ons aanlynverkiesing is alle ouers, soos reeds op D6 geregistreer, geregtig om te stem.
- Indien u as ouer twyfel, kan u vooraf met mev. Jackie Krüger, wat ons D6-administratiewe stelsel bestuur, skakel.
- Tydens die stemproses sal D6 elke stem bekragtig deur 'n elektroniese vergelyking tussen die ***aanlyn-persoon*** en die geregistreerde kieserslys op D6 te tref.
- Ongelukkig kan GEEN *proxy* stemme aanvaar word nie.
- Die kieserslys word op **Vrydag, 1 Maart 2024 om 12:00** gefinaliseer en geen wysigings word daarna aanvaar nie.

TEL: (011)782 6226/7 • FAKS: 0866 517 902 • Malibongwe Rylaan • Posbus 77252, Fontainebleau, 2032
EPOS: admin@hsrandburg.co.za • WEBWERF: www.hsrandburg.co.za

4. Nominasie van beskikbare kandidate om as lede van die Beheerliggaam te dien:

- Slegs wettige ouers/voogde kan as regmatige kandidate op die kieslys verskyn. Nominasievorms moet deur die voornemende kandidaat en die voorsteller en 'n sekondant (almal wettige ouers/voogde daartoe gemagtig) voltooi word.
- Nominasievorms sal vanaf **26 Februarie tot Vrydag, 1 Maart** by die ontvangstoonbank van die skool beskikbaar wees en ook daar in ontvangs geneem word. Die nominasieproses sluit dan ook op **Vrydag, 1 Maart om 12:30** waarna geen verdere nominasies in ontvangs geneem sal word nie.
- Genomineerdes moet op aanvraag digitale inligting aan die skool voorsien, soos wat op die stembrief geplaas kan word, ten einde stemgeregtigde ouers die geleentheid te gee om te weet vir wie hulle gaan stem. 'n Duidelike en onlangse kleurfoto sal versoek word, asook die grade waarin u kind/ers tans by ons skool is en inleidende inligting oor die kandidaat se professionele bekwaamhede sal gevra word. Niks sal sonder die kandidaat se toestemming geplaas word nie.

5. Wettige verkiesingsuitslag:

- Ten einde 'n regmatige uitslag bekend te maak, word vereis dat 'n kworum van 15% van die ouers sal stem (15% van stemgeregtigde ouers van ons skool).
- Indien slegs nege ouerlede genomineer word, sal daar geen verkiesing plaasvind nie en word al nege genomineerde kandidate as stemgeregtigde lede van die Beheerliggaam opgeneem.

6. Opmerkings:

- Die verkiesingsuitslag sal op Dinsdag, 5 Maart bekendgemaak word, waarna die verkose lede op Donderdag, 7 Maart om 18:30 in die skool se raadsaal sal vergader waar die verkose lede dan hul eie uitvoerende komitee verkies. Slegs ouer-lede mag tot ampsdraers verkies word.
- Die Gautengse Departement van Onderwys het tot en met die datum van hierdie skrywe versuim om regulasies vir die verkiesingsproses uit te vaardig. Ons gee egter voortydig kennis van 30 dae om aan vorige wetgewing in dié verband te voldoen. Ons vertrou dat die departement se regulasies ons datums sal erken.
- Elke ouer moet deelneem. U, as ouer, se inset en bydrae maak die verskil by ons skool en in die aansienbare toekoms gaan ons swaar op 'n sterk beheerliggaam steun. ELKE ouer is bewus van die implikasies van die BELAB-wet wat onderteken moet word en dit is nou die tyd om hand op te steek vir 'n saak wat ons na aan die hart lê. Ons kinders is ons alles en deur u voorbeeld sal u aan hulle wys dat 'n Randjie NOOIT gaan lê nie.

NB. Detail inligting oor die registrasie-, nominasie- en stemproses sal voortydig en deeglik aan u bekendgemaak word.

Vriendelike groete.

P. Booysen
Skoolhoof